
# Met Godkrag kan ons in geestelike harmonie leef
# 1 Kor 3:1-9

**3** Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat
lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in
Christus. 2Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie
verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie, 3want julle is nog wêreldse mense.
Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle
wêrelds gedra nie? 4As een van julle sê: “Ek is vir Paulus,” en ’n ander: “Ek is vir
Apollos,” is julle dan nie nog wêrelds nie?
5Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof
gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het. 6Ek het geplant,
Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. 7Dit gaan dus nie om die een wat
plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. 8Die een wat plant en die een
wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk.
9Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God.



***Met Godkrag kan ons in geestelike harmonie en samehorigheid leef deur:***
***1 Dieselfde geestelike leiding (verse 1-3)***
***2 Dieselfde geestelike span (verse 4-6)***
***3 Dieselfde geestelike verwagting (6b-9)***

**Saam-praat:**

**1 Wat dink jy is die <u>belangrikste oorsake</u> van konflik en ’n gebrek aan samehorigheid tussen christene ?**

**2 <u>Hoe belangrik</u> dink jy is hamonie en eenheid tussen christene vir God ? (waarom sê jy so?)**

**3 Watter een van die drie sake in verse 1-9 wil die Here hê moet jy/julle <u>nou die dringendste aan werk?</u>**

**4Hoe kan <u>dieselfde geestelike verwagting</u> ons help om regtig groter harmonie te beleef ?**